

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great
Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



**SA EXAM
PAPERS**



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

RELIGIESTUDIES V1

NOVEMBER 2013

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 16 bladsye.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

- | | | | |
|-----|--------|--|-----|
| 1.1 | 1.1.1 | Onwaar – Die verskynsel van die Opstanding word as die begin van die Nuwe Skepping geïnterpreteer. | (4) |
| | 1.1.2 | Onwaar – Afrika Tradisionele Godsdienst glo dat die gemeenskap uit drie dimensies bestaan. | (4) |
| | 1.1.3 | Onwaar – Die heilige boek van Judaïsme word die Tanach genoem.
OF
Die Kitáb-i-Aqdas is die heilige boek van die Baha'i-geloof | (4) |
| | 1.1.4 | Waar | (4) |
| | 1.1.5 | Onwaar – Volgens die Islamitiese geloof is die Opperwese fisiese beskrywing verhewe. | (4) |
| 1.2 | 1.2.1 | E | (2) |
| | 1.2.2 | D | (2) |
| | 1.2.3 | A | (2) |
| | 1.2.4 | F | (2) |
| | 1.2.5 | C | (2) |
| 1.3 | 1.3.1 | Ideologie <ul style="list-style-type: none"> Hierdie begrip word gewoonlik as 'n plaasvervanger vir godsdienst gebruik. Voorbeelde is Fascisme, Marxisme, nasionalisme ens. | (2) |
| | 1.3.2 | Geloof <ul style="list-style-type: none"> Hierdie begrip kan verwys na die aanvaarding van iets soos, 'n feit, 'n stelling of 'n lering. Geloof kan oor na 'n ferm opinie verwys. | (2) |
| | 1.3.3. | Navaratri <ul style="list-style-type: none"> Hierdie begrip verwys na die aanbidding van die Heilige Moeder in Hindoeïsme. | (2) |
| | 1.3.4 | Ubuntu <ul style="list-style-type: none"> Kom van die gesegde 'Umuntu ngumuntu ngabantu'. 'n Persoon is 'n persoon deur sy/haar verhoudings met ander mense. Hierdie begrip is belangrik in leringe in Afrika Tradisionele Godsdienst. Dit is 'n filosofie van gemeenskaplike gees. | (2) |

- 1.4 1.4.1 **Inspirasie**
- Hierdie begrip verwys na die asem (krag, kennis) van 'n buitengewone wese of mag, bv. 'n godheid wat 'n persoon binnekom en die persoon se eie asem oorneem.
 - 'n Geïnspireerde persoon kan ook voel dat hy of sy deur 'n sekere mag besit ('possessed') word. (4)
- 1.4.2 **Vergelykbaarheid**
- Hierdie begrip verwys na die vergelyking van twee of meer dinge.
 - Die vergelykbaarheid van dinge impliseer nie dat die dinge soortgelyk is nie. Vergelykbaarheid kan tussen verskillende godsdienste gedoen word. (4)
- 1.4.3 **Karma**
- Karma verwys na die aksie of daad.
 - Dit impliseer oor die gevolge van aksies.
 - Volgens die geskrif wat die Upanishads genoem word, is die wet van Karma duidelik geformuleer.
 - Dit leer dat 'n persoon se aksies in die verlede verantwoordelik is vir sy of haar huidige staat. (4)
- [12]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B**VRAAG 2**

2.1 2.1.1

Boeddhisme

- Die dissipels het van mekaar verskil oor die betekenis van die Boeddha se leringe.
- Toe die dissipels 'n honderd jaar later bymekaarkom en die tweede Raad hou, het hulle tot die gevolgtrekking gekom dat die verskille groot geword het. As gevolg van hierdie verskille het hulle besluit om in vertakkinge of skole te verdeel.
- Boeddhisme is toe onderverdeel in Mahasanghika en Sthaviravada.
- Dié wat die Mahasanghika-skool gevolg het, het geglo dat Boeddhisme meer ontvanklik moet wees vir verandering as dit wil groei en uit Indië na ander dele van die wêreld wil versprei.
- Die Sthaviravada-skool is as meer ortodoks beskou en het geglo dat die leringe van die Boeddha streng gevolg moet word en onveranderd moet bly.
- As gevolg van groot groei en die verskillende denkskole wat al meer verskil het in dit, het Boeddhisme in twee afsonderlike doktrines verdeel, wat tot twee stelsels of skole, naamlik Mahayana en Theravada, gelei het.
- Die Theravada-skool glo dat die belangrikste teks die Tripitaka is en dat die leringe daarin streng as die oorspronklike leringe van die Boeddha gevolg moet word.
- Mahayana-Boeddhiste baseer hul leringe op die Mahayana-sutras (tekste) – leringe wat volgens hulle direk van die Boeddha af kom wat dit aan slegs 'n paar van sy mees gevorderde dissipels oorgedra het.

Hindoeïsme

- As gevolg van die uitgebreide geografiese gebied het verskillende kultuur en etniese groepe van Indië na verskillende dele van die wêreld versprei. Al hierdie groepe word as gelyke Hindoes behandel.
- Alhoewel daar verskille is, is daar baie respek en verdraagsaamheid teenoor verskillende interpretasies van Hindoe-oortuigings en praktyke.
- Sommige Hindoe-skole stem nie saam dat daar een God is nie, hulle aanbid al die godhede op gelyke wyse, terwyl ander glo dat Bhagwan een is.
- Die Britte het die intellektuele isolasie van die Indiërs verbreek en hulle met Westerse wetenskap, literatuur en geskiedenis in aanraking gebring.
- Hindoes in Indië het gely onder rassistiese behandeling terwyl hulle deur die Britse Ryk regeer is. Hierdie behandeling het veroorsaak dat Hindoe-leiers vir rasseharmonie en geregtigheid gewerk het.
- Drie groot hervormingsbewegings het ontstaan: die Brahmo Samaj, die Arya Samaj en die Ramakrishna Mission.

- Gedurende die twintigste eeu het nog nuwe Hindoe-organisasies ontstaan, soos die 'Divine Life Society' en die 'International Society of Krishna Consciousness'.
- Hierdie organisasies is gestig in reaksie op interaksie tussen Hindoeïsme en Westerse filosofie.
- Die Saïvisme en Vaishnavisme is die twee skole wat een God wat hulle as die Opperwese beskou, aanbid.

Judaïsme

- Die twee hoofgroepe wat in Judaïsme voorkom, is die Sephardim en Ashkenazim.
- Die verskille tussen die twee groepe is die gevolg van kulturele praktyke en gebruike.
- Voorbeelde van verskille sluit in kos, keuse van liederes, gebed en die uitspraak van Hebreeus.
- Die verskille het hoofsaaklik ontstaan as gevolg van interpretasies van die heilige teks, met ander woorde of dit letterlik of figuurlik geïnterpreteer moet word.
- Die verskille is ook gebaseer op die interpretasie van die Tora en die ritueelpraktyke.
- Met verloop van tyd het Judaïsme baie veranderinge ondergaan as gevolg hiervan. Die twee hoofbewegings gebaseer op godsdienstige verskille is Hervormde Judaïsme en Ortodokse Judaïsme.

(10)

2.1.2

Boeddhisme

- Verganklikheid is die kern van alle Boeddhistiese filosofie.
- Die Theravada Boeddhisme beskou die Boeddha as 'n verligte mens.
- Die ideaal in Theravada-Boeddhisme is vir die individu om 'n lewe van meditasie te lei en om sodoende verlig te raak. Baie monnike doen presies dit.
- Die Mahanyana-Boeddhisme beskou die Boeddha as 'n objek van toewyding; hy word aanbid as 'n heilige wese wat na die Aarde toe gekom het uit medelye met die mensdom se lyding.
- Die Mahanyana-Boeddhisme het die begrip van die Bodhisattva ('n persoon wat op sy/haar eie meriete in Nirwana kan ingaan) ontwikkel.
- Mahanyana leer ook dat baie Boeddhas voor Siddharta Gautama gekom het en dat baie Boeddhas in die toekoms sal kom.
- In die Vajrayana-Boeddhisme is daar 'n lering dat die volgers nie verligting behaal deur geduldige meditasie wat deur Theravada en die meeste vorme van Mahanyana beoefen word nie, maar deur radikale skoktegnieke.
- Die ideaal in Theravada-Boeddhisme is dat die individu 'n lewe van meditasie leef om sodoende verligting te behaal.

Hindoeïsme

- Hindoeïsme het vir lank nie onderverdelings gehad soos in ander godsdienste nie.
- Dit is omdat die godsdienste nie sentraal beheer is nie.

Saivism

- Dit word beskou as die oudste van die Hindoe-skole.
- Dit bestaan uit mistieke en toewydingspraktyke om moksa (bevryding) te behaal.
- Volgers glo dat Shiva die oppergod is.
- Shiva word as beide skepper en vernietiger beskou.
- Hy word ook die 'Heer van die Kosmiese Dans' genoem.

Vaishnavisme

- Vaishnaviete aanbid Vishnu as die Opperwese bo alle ander godhede.
- Vishnu word in Hindoeïsme as 'n vriendelike en liefdevolle godheid beskou.
- Hy word geassosieer met die oorwinning van die bose en onkunde, die handhawing van die kosmiese orde, asook die mag van kennis.

Shaktisme

- Shaktisme is die enige skool in Hindoeïsme wat 'n godin as opperwese aanbid.
- Volgers van Shaktisme aanbid die Godin Shakti, wat 'Groot Moeder' beteken.
- Shakti, of Devi soos sy ook bekend staan, word beskou as die bron van lewe en die kreatiewe energie wat die hele heelal beheer.
- Die Shaktas glo dat mens slegs deur volkome toewyding en liefde aan die 'Groot Moeder' vry kan word van die onkunde en begeertes wat veroorsaak dat mense in die siklus van hergeboorte vasgevang raak.

Smartas

- Die Smartas is 'n gemeenskap Hindoe-priesters, of Brahmins, wat glo dat die belangrikste deel van Hindoeïsme nie toewyding (bhakti) is nie.
- Hulle glo dat die sleutel tot bevryding is om die heilige tekste (Vedas) te verstaan en daarvolgens te leef.
- Die Smartas aanbid nie een spesifieke godheid nie, maar al die Hindoe-godhede.

JudaïsmeHervormde Judaïsme

- Die Hervormde Jode het geglo dat die tradisie en interpretasie van die Tora moet verander om by verskillende tye en verskillende gemeenskappe aan te pas.
- Hulle het gesê dat die enigste vaderland wat hulle ken, hul geboorteland (Duitsland) was en dat hulle nie verwag dat 'n Messias hulle na die Heilige Land van Palestina moet teruglei nie.

Ortodokse Judaïsme

- Hierdie skool van Judaïsme glo dat die Tora God se woord is wat aan Moses openbaar gemaak is en dus nie verander of aangepas kan word nie.
- Ortodokse Judaïsme beskou homself as die enigste ware vorm van Judaïsme omdat dit al die gebooie en gebruike nakom wat in die heilige teks voorgeskryf word.

Konserwatiewe Judaïsme

- Konserwatiewe Jode aanvaar die Tora en die Talmoed as gesaghebbend.
- Hulle glo ook dat sommige voorskrifte eenvoudig kulturele uitdrukkings is, en nie heilige gebooie nie.
- Daar is verder groot verskille in hoe streng verskillende lede van dieselfde groep hierdie gebruike volg.

(10)

2.1.3

Judaïsme

- Judaïsme het nie 'n leier of 'n enkele liggaam wat die gemeenskap lei nie.
- Die verskillende vertakings het gewoonlik hul eie leierskap in hul spesifieke areas.
- Elke sinagoge word gewoonlik deur 'n rabbi gelei.
- Beide Ortodokse en Hervormde sinagoges word deur die lede van die gemeente bestuur.
- Die rabbi's is werknemers met die taak om die godsdienstige lewe te bestuur.
- In die Ortodokse tradisie kan slegs mans rabbi's word.

Boeddhisme

- Die hoof van die Tibettaanse (Mahanyana) Boeddhisme is die Dalai Lama.
- Die Dalai Lama is die titel wat sedert 1301 in Tibet gebruik is.
- Hy is 'n voorbeeld van Bodhisattva, wat in Mahanyana-Boeddhisme gevolg word.
- Mahanyana-Boeddhisme glo dat gewone mense Nirwana kan gehaal, en moedig dus nie die lewenswyse van monnike so sterk aan soos wat Theravada-Boeddhisme doen nie.
- Theravada-Boeddhisme glo dat monnike die naaste aan Nirwana is. Die klooster is dus noodsaaklik in bestuur in Theravada-Boeddhisme.
- Die gemeenskap van monnike en nonne wat as Sangha bekendstaan, lei die Theravada-Boeddhiste.
- Hulle glo in 'Geen Boeddhisme sonder Sangha nie', wat die bestuursrol van die Sangha aandui.

Hindoeïsme

- Elke tempel is onafhanklik in terme van bestuur.
- Rituele is ook nie voorgeskryf nie, maar deur plaaslike priesters vir gemeenskappe bepaal.
- Vandag het lande met 'n groot Hindoe-teenwoordigheid 'n beheerliggaam wat beide tradisionele en neo-Hindoe-bewegings verteenwoordig.
- In Suid-Afrika is die 'SA Hindoe Maha Saba' so 'n liggaam.
- Daar is ook streeksorganisasies met 'n linguistiese en kulturele fokus (bv. Gujarati, Hindi, Telegu)

(10)

2.2 JA

Bespreking van godsdienstige identiteit en eenheid.

- Godsdienstige identiteit verwys na 'n sekere persoonlikheid of teenwoordigheid wat van ander onderskei kan word.
- Dit gee ook waardigheid aan 'n godsdiens.
- Godsdienstige identiteit stel mense wat aan een godsdiens behoort in staat om met mekaar te identifiseer.
- Dit bring mense wat dieselfde oortuigings deel, saam.
- Godsdienstige identiteit versterk dus die eenheid van 'n godsdiens.
- Hierdie identiteit word versterk deur gemeenskaplike rituele en simbole.
- Voorbeeld: Christendom
 - In die Christendom vier Katolieke die Heilige Nagmaal.
 - Die deel van brood en wyn simboliseer Christus.
 - Die gemeente verenig deur die liggaam van Christus.
- Voorbeeld: Islam
 - In Islam verenig mense van regoor die wêreld in Mekka tydens die jaarlikse pelgrimstog (Hadj) as een liggaam gelowiges.
 - Alle manlike pelgrims moet in identiese klere geklee wees, wat verskillende klasse, kulture en nasionaliteite verwyder.

OF**NEE**

Bespreking oor godsdienstige identiteit en eenheid.

- Godsdienstige identiteit verwys na 'n sekere persoonlikheid of teenwoordigheid wat dit van ander godsdienste onderskei.
- Dit bring mense saam wat dieselfde oortuigings deel.
- Godsdienstige identiteit is egter nie noodsaaklik wanneer godsdienste nie met mekaar kompeteer nie.
- Eenheid word in sulke gevalle deur rituele en bestuur ontwikkel.
- Voorbeeld: Afrika Tradisionele Godsdiens (ATG)
 - Etnisiteit verenig die gemeenskap.
 - Toe Afrika Tradisionele Godsdiens aanvanklik beoefen is, was daar nie ander godsdienste teenwoordig nie. Dus was daar nie 'n behoefte aan 'n unieke godsdienstige identiteit nie.
 - Godsdienstige leiers het egter klere gedra wat hulle onderskei het, bv. hoofde, inyangas en die sangomas het almal spesiale klere gedra.
 - Stamidentiteit is ook 'n ATG beoefen, en dit was 'n verenigende faktor, eerder as godsdienstige identiteit.

- Voorbeeld: Baha'i-geloof
 - In hierdie geloof is daar nie ooglopende godsdienstige identiteit in die algemene lidmaatskap nie.
 - Dit is omdat hierdie godsdienst alle godsdienste insluit, en op die eenheid van die mensdom fokus, eerder as op godsdienstige skeiding.
 - In sulke godsdienste is daar meer buigsaamheid in geloof en rituele.
 - Konformiteit en eenheid van die godsdienst is minder belangrik.

LET WEL: 'n Maksimum van 8 punte kan vir die bespreking van godsdienstige identiteit en eenheid toegeken word. Ses punte elk moet vir die voorbeelde van die twee godsdienste toegeken word.

(20)
[50]

VRAAG 3

- | | | | |
|-----|-------|---|-----|
| 3.1 | 3.1.1 | Afrika Tradisionele Godsdienst
Ubuntu in die Afrika Tradisionele Godsdienst word onder andere geassosieer met menswaardigheid en regte. | (4) |
| | 3.1.2 | Judaïsme
In die Joodse geloof is almal geregtig op dieselfde regte, sonder uitsondering, want 'mense word goed gebore. Elke persoon het 'n heilige vonk, 'n heilige siel met onbeperkte potensiaal vir goedheid'. | (4) |
| | 3.1.3 | Christendom
'Jy mag nie moord pleeg nie' is een van die Tien Geboie wat in die Bybel gevind word. Dit stem ook ooreen met menseregte, wat sê dat elkeen geregtig is op lewe. | |
| | | Boeddhisme
Die Boeddhistiese godsdienst leer dat mens nie 'n lewe moet neem nie. Moord word verbied. | (4) |
| | 3.1.4 | Baha'i-geloof
Die Baha'i-geloof ontmoedig alle vorme van godsdienstige, politieke, ekonomiese en patriotiese vooroordele. Volgens die Baha'i-geloof sal die mensdom nie in staat wees om die sukses en voorspoed te behaal waartoe dit in staat is, voordat vroue nie as mans se gelykes behandel word nie. Mense word in hierdie geloof as gelyk beskou. | (4) |
| | 3.1.5 | Islam
Die Islamitiese godsdienst moedig mense se reg tot privaatheid aan. 'n Persoon mag nie sonder toestemming in 'n vreemdeling se huis ingaan nie. Indien daar geen antwoord is nadat drie keer gevra/geklop is nie, moet die besoeker weggaan (hadith). | (4) |

LET WEL: Die leerder kan na voorbeelde uit enige aantal godsdienste verwys. Voorbeelde van ander leringe as wat in die memorandum gegee word, moet ook aanvaar word, mits dit die betrokke menseregte in die vraag beklemtoon.

- 3.2
- Albei het godsdienstige simbole.
 - Albei glo in die bestaan van een godheid, bv. God in Christendom en die Opperwese, bv. Modimo, Unkulunkulu, uMvelinqangi in Afrika Tradisionele Godsdiens.
 - In Christendom leef God in mense in die vorm van die Heilige Gees, wat kontak tussen God en die mense skep. In ATG kommunikeer die Opperwese met die lewendes deur die voorvaders.
 - Albei het ondervindings.
 - Albei het gemeenskaplike rituele.
 - Albei glo in lewe na die dood.

(10)

3.3

HINDOEÏSME	BOEDDHISME
• Het nie 'n stigter nie en geen onderliggende siening of lering nie. • Geloof in een godheid wat in baie verskillende vorme as ander godhede kan verskyn (politeïsties) • Hindoes glo in die bestaan van 'n ewigdurende siel. • Hindoes glo in die ewige aard van God. • Hindoeïsme is oop en verdraagsaam teenoor kulturele en sosiale invloede.	• Boeddha is die stigter • Daar is geen God as die middelpunt van die siening of lering nie. • Boeddhiste glo dat alles in die heelal verganklik is. • Verwerp die idee dat mense 'n siel het wat na die dood voortleef. • Boeddhiste erken intergodsdienstige huwelike, maar verdra nie sinkretisme nie

(8)

3.4 3.4.1 **Afrika Tradisionele Godsdiens**

- Die rol van godsdienstige leringe in Afrika Tradisionele Godsdiens is dat dit leer dat daar een God, genaamd Mvelinqangi is, wat 'die een wat eerste daar was' beteken.
- Dit is ook om te verseker dat die volgers verstaan hoe belangrik die voorvaders as tussengangers is.
- Dit is ook bedoel om die gemeenskap te 'vorm' om ferm beginsels van 'ubuntu' te hê.
- ATG leer ook dat die Opperwese nie geken kan word soos mens 'n sekere koei of boom kan ken nie.
- ATG gebruik mondelinge tradisie om die leringe van hul volgers oor te dra.

(4)

3.4.2 **Hindoeïsme**

- Die rol van Hindoe godsdienstige leringe is om te verseker dat die volgers verstaan dat Hindoeïsme 'n ewige geloof is.
- Die rol van die leringe is om te verseker dat die volgers besef dat daar fundamentele aspekte van spirituele lewe is, insluitend die kennis van die aard van God, die siel, die verhouding tussen God en die siel, en bowenal die metodes waardeur die siel God en ewige vrede kan behaal.

(4)

3.4.3 Christendom

- In Christendom is daar doktrines van redding, die geloof in die Drie-eenheid en van die einde.
- In Hervormde Christelike groepe is geformuleerde en sistematiese leringe baie belangrik.
- In Charismatiese groepe is daar minder klem op leringe.

LET WEL: Enige ander relevante verduideliking van die verskillende rolle van godsdiens moet aanvaar word.

(4)
[50]

VRAAG 4**4.1 Ateïsme**

- Ateïsme is 'n sekulêre wêreldbeskouing wat die bestaan van 'n Opperwese ontken.
- Ateïste is mense wat nie glo dat heilige wesens of 'n heilige mag bestaan nie.
- Daar is verskillende vorme van ateïsme: neutraal (sag), positief (sterk).
- Dit is 'n filosofie wat op verskillende maniere verstaan kan word.
- Ateïste glo nie dat God of gode bestaan nie.

Agnostisisme

- Die beskouing dat ons nie weet of God of gode bestaan nie.
- 'n Sekulêre reaksie op godsdienstige kennis.
- Sommige agnostici glo in God/gode maar nie in enige godsdiens nie.
- Hulle verwerp meestal die meeste godsdienste en hul leringe op grond van die argument dat 'n Opperwese bo menslike begrip is.
- Hulle is skepties oor godsdienstige doktrine.
- Hulle verwerp veral godsdienste wat beweer dat dit ware spirituele kennis het.

Sekulêre humanisme

Sekularisme is 'n persoon se persoonlike lewe behels:

- Etiek gebaseer op redenering oor menslike aard sonder verwysing na God(e)
- Verstaan die heelal sonder om 'n godsdienstige verduideliking te gebruik.
- Dit is 'n vertakking van humanisme wat godsdienstige geloof en die bestaan van die bonatuurlike verwerp
- Dit word dikwels met wetenskaplikes en akademici geassosieer.
- Hulle glo gewoonlik dat die volg van humanistiese beginsels natuurlik tot ateïsme lei, op grond van die argument dat godsdienstige sienings nie rasioneel ondersteun kan word nie.

Kommunisme

- 'n Politieke stelsel waar die Staat eiendom, produksie, handel beheer.
- Dit ontken die bestaan van 'n opperwese.
- Dit is 'n politieke stelsel waarin individue nie toegelaat word om eiendom te besit nie.
- Die idee is dat alles aan almal behoort.
- Die is 'n aksieplan vir 'n rewolusie om kapitalisme te vernietig en om uiteindelik 'n klaslose samelewing te skep.

(10)

4.2 **NEE**

- Indien lede bemagtig word, sal hulle geborge voel en nie negatief beïnvloed word nie.
- Dit gebeur min dat jy lede vind wat as gevolg van indoktrinerings beïnvloed word.
- Mense met sterk godsdienstige oortuigings glo dat die media mense breinspoel, en dus is daar 'n gebrek aan belangstelling in wat die media sê.

OF**JA**

- As gevolg van die inligting in die media, kan lede met die veranderende en ontwikkelende wêreld identifiseer.
- Lede wat 'n sekere vlak bereik het, kan die behoefte ervaar om te groei, en as hulle nie ruimte vir groei het nie, kan die media groener weivelde voorstel.
- Lede kan moontlik nie die druk op hul geloof hanteer nie en kan sekulêre wêreldbeskouings aanneem.

(6)

4.3

- Die media kan op 'n positiewe manier blootstelling aan godsdienstige aktiwiteite gee.
- Mense kan daarvan bewus gemaak word dat hulle nie die voordele van 'n godsdienstige organisasie kan geniet as hulle nie aan die organisasie behoort nie.
- Godsdienstige organisasies kan mediadienste gebruik om hul programme te bevorder en om hul aktiwiteite aan die gemeenskap bekend te maak.

(4)

4.4

JA

- Konstitusionele regte laat goeie dekking van mediasake toe.
- Die media word gebind deur die Onafhanklike Klagtekommissie.
- Vryheid van die pers word weerspieël in die verskeidenheid standpunte wat in verskillende media uitgebeeld word.
- Alle godsdienste word gelyke dekking gegee, bv. godsdienstige dokumentêre programme soos 'Issues of Faith'.
- Godsdienstige organisasies het die geleentheid om in verskillende media te adverteer en hul programme te bevorder.
- Media laat godsdienstige groepe toe om hulself uit te druk deur toe te laat dat onderhoude met godsdienstige verteenwoordigers gevoer word.
- Dekking van godsdienstige sake het amper verdubbel sedert die vorige studie tien jaar gelede.
- Die Rooms Katolieke Kerk het die meeste dekking ontvang, maar dekking oor Islam het ook dramaties gestyg.

OF

NEE

- Sommige godsdienstige organisasies ontvang steeds negatiewe dekking, bv. dekking oor beweerde kindermishandeling deur priesters.
- Die media probeer die meeste van die tyd nie om godsdien en godsdienstige sake te bevorder nie.
- In die wêreldmedia word godsdien uitgebeeld as die oorsaak van oorloë.
- Die tydgleuf vir godsdienstige sake is baie beperk in vergelyking met ander sosiale kwessies.
- Die media is 'n besigheid en sal eers nuuswaardige items uitsoek.
- Verslaggewers benader godsdienstige kwessies meestal uit 'n sekulêre en politieke oogpunt.
- Die toon teenoor Ortodokse gelowe is meestal vyandig, maar teenoor minderheidsgodsdienste is dit gunstig.
- Die persone waarmee onderhoude gevoer word, is dikwels diegene wat ortodokse godsdienste bevraagteken.

(18)

4.5 Sekularisme behels etiek gebaseer op redenering oor die menslike natuur. Baha'i's se standpunt is soos volg:

- Baha'i-geloof sê dat mense die grootste verteenwoordigers van God is.
- Vir Baha'i's is die doel van die lewe om God te ken en lief te hê.
- Elke mens het dus die kapasiteit om die waarheid te erken en dit te volg, en dus moet elke individu na waarheid soek.
- Volgens die Baha'i-geloof is die mensdom geskep om God te ken en Hom se aanbid.
- Dit is die mensdom se verantwoordelikheid om 'n beskaving wat deurgans verbeter, voort te dra deur hul wil volgens die wil van God te rig.
- Die Baha'i beklemtoon eenheid van alle godsdienste en die mensdom.
- Die leringe van Abdu'l Baha sê dat ons almal blomme in dieselfde tuin is.

(10)

[50]**VRAAG 5****5.1 SOEDAN**

- In die Soedan het die konflik nie 'n godsdienstige aard nie, omdat die meeste mense in die Soedan Sunni-Moslems is.
- Die regering het egter sy eie interpretasie van Sharia-wette.
- Die Kartoem-regering is sterk en word gelei deur die 'National Islamic Front (NIF).
- Hierdie party gebruik militêre mag om Islamitiese Sharia-wette op almal in Soedan, insluitend nie-Moslems, af te dwing.
- Dit kan beskou word as godsdienstige nasionalisme, omdat politiek gebruik word om 'n skere godsdienstige interpretasie te versterk.
- Dit is nie toelaatbaar onder Islamitiese lering nie, omdat die Koran sê: 'Daar is geen verpligting in godsdien nie.'
- Die nou interpretasie van godsdienstige lering is 'n voorbeeld van hoe fundamentalisme konflik vererger.
- Die konflik is eerder etnies van aard.
- Die konflik is oor gebied en olie.

- Selfs na die verdeling van Soedan in Noord- en Suid-Soedan het grenskonflik en etniese vyandigheid voortgeduur.
- Godsdien is dus nie die oorsaak van die Soedankonflik nie.

DIE (ISRAELI-) PALESTYNSE KONFLIK

- Na die Tweede Wêreldoorlog wat die Jode vasbeslote om hul eie vaderland te stig.
- Die konflik het begin met die stigting van Israel in wat toe Palestina was, in 1946.
- Deur verskeie oorloë met die Arabiere het die Jode die grense van wat hulle Israel genoem het, uitgebrei.
- Palestyne het beweer dat hulle deur terreuraanvalle deur Joodse bendes van hul grond ontnem is.
- Duisende Palestyne leef in ballingskap in baie dele van die wêreld. Hulle woon ook in vlugtelingkampe in Gaza en die Wesoewer.
- Israel het voortgegaan met die bou van nedersettings op grond wat by Palestyne afgeneem is.
- Konserwatiewe Israeli's en Sioniste beweer dat Palestina volgens hul geskrifte aan die Jode behoort.
- Hulle gebruik dus godsdien as die basis vir hul aanspraak op die grond.
- Dit is 'n voorbeeld van godsdienstige nasionalisme, aangesien die Likud-party aan bewind gekom het deur ekstremistiese standpunte te bevorder.
- Fundamentalisme speel ook 'n rol omdat dit 'n ekstreme interpretasie van die Joodse geskrifte is om die Jode se aanspraak op Palestina te regverdig.
- Palestyne het die PBO (Palestynse Bevrydingsorganisasie) onder Yasser Arafat gestig.
- In die vroeë 1990's het die PBO verdeel, en twee politieke partye – Die 'Palestinian Authority' en Hamas is gevorm.
- HAMAS is deur godsdienstige nasionalisme gevorm. Hulle spirituele leiers was ook politieke raadgevers.
- Daar is geen bewyse van fundamentalisme onder die Palestynse politiese partye nie.
- Hierdie konflik is 'n voorbeeld van hoe fundamentalisme en godsdienstige nasionalisme konflik kan veroorsaak.

NOORD-IERLAND

- Noord-Ierland word deur die Verenigde Koninkryk regeer.
- Die bevolking bestaan uit Katolieke en Protestante.
- Vir baie jaar het sommige Katolieke groepe vir onafhanklikheid van Brittanje geveg.
- Een van hulle is Shin Fein.
- Hulle wou eerder met Ierland verenig.
- Die Protestante in Ierland het egter weerstand gebied.
- Dit het tot 'n burgeroorlog gelei wat eers onlangs opgelos is.
- Hierdie konflik kan as godsdienstige nasionalisme beskou word, omdat Katolieke godsdienstige eenheid met Ierland wou hê.
- Dit kan ook beskou word as fundamentalisme, omdat daar 'n begeerte was om nie Protestante in die weerstand te aanvaar nie.

(20)

5.2 SRI LANKA

- In die Sri Lanka-konflik tussen die Tamil Tigers en die Singalese regering was daar baie intergodsdienstige ingrypings om die konflik te beëindig.
- Een so 'n organisasie was die 'International Interfaith Foundation'.
- Dit is in 1983 gestig.
- Dit het bestaan uit al die godsdienstige groepe in Sri Lanka, insluitend Moslems en Christene.
- Die doelwit was om al die godsdienstige groepe te verenig deur intergodsdienstige dialoog.
- Dit het ook hulp verleen aan armes en behoeftiges, asook slagoffers van oorlog.

SOEDAN

- In die konflik in Soedan, het die 'Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede (WKGv) teen die regering van Soedan betoog.
- Die WKGv is die wêreld se grootste intergodsdienstige organisasie.
- Dit bestaan uit leiers of verteenwoordigers van verskillende godsdienste wat saamwerk om konflik op te los.
- Dit bevorder intergodsdienstige samewerking.
- Dit bevorder aanvaarding en wedersydse respek vir verskillende godsdienste.
- In die Soedan het die WKGv daarin geslaag om Christen- en Moslemorganisasies saam te bring.
- Saam het hulle die 'Interfaith Action for Peace in Africa' (IFAPA) gestig.

SUID-AFRIKA

- Onder apartheid het die Nasionalistiese regering Christendom gebruik om hul rassitiese idees te regverdig.
- Verskeie godsdiensgebaseerde organisasies is egter gevorm om die apartheidsregime teen te staan.
- Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke is in 1968 gestig. Dit het alle Christelike denominasies, behalwe die Katolieke Kerk, verenig.
- Die 'Call of Islam' is in 1984 gestig, en het Moslemorganisasies saamgesnoer in die stryd teen apartheid op grond van godsdiens.
- 'Jews for Justice' is in 1985 gestig, en was 'n forum vir Joodse organisasies om hul teenstand teen apartheid uit te spreek.
- Al hierdie godsdiensgebaseerde organisasies het byeenkomste en optogte gehou om hul teenstand teen apartheid te toon.
- Memorandums met griewe is ook aan die regering gestuur.

LET WEL: Sien enige TWEE voorbeelde na. Enige ander voorbeeld van ingryping deur godsdienstige liggame in ander konfliktsituasies moet aanvaar word (bv. Afganistan, Pakistan, Indië, ens.)

(20)

5.3 ISLAM

- Islam glo dat God (Allah) nie 'n maat het nie.
- It erken al die boodskappers van God van Adam tot by die Profeet Mohammed.
- 'n Fundamentele siening is dat die Profeet Mohammed die finale BoodsAPPER van God is.
- Die heilige boek is die Koran, wat tydens gebede in die oorspronklike Arabies aangehaal word.
- Islam het 'n universele dragkode vir mans en vroue. Kulturele drag wat aan hierdie dragkode voldoen, is egter ook toelaatbaar.
- Moslems moet daaglik die voorgeskrewe vyf gebede bid.
- Moslems probeer om die voorbeelde en leringe (Sunnah) van die Profeet in hul daaglikse lewens te volg.
- Daar is nie priesterskap in Islam nie.
- Elke Moslem moet die godsdiens versprei.

AFRIKA TRADISIONELE GODSDIENS (ATG)

- ATG beoefen aanbidding van voorvaders.
- Volgers van ATG glo dat voorvaders 'n medium tussen die lewendes en 'n Opperwese is.
- Voorvaders het die mag om geluk of ongeluk te bring.
- Diereoffers help om met voorvaders te kommunikeer.
- Daar is 'n sterk gemeenskapsin in ATG, bv. Ubuntu

CHRISTENDOM

- Christene glo dat Jesus die Seun van God is.
- Jesus is na die Aarde gestuur om die wêreld van sonde te verlos.
- Jesus het uit die dood opgestaan nadat Hy gekruisig is.
- Jesus is die enigste ware Messias.
- Christene glo in die Heilige Drie-eenheid.

LET WEL: Enige ander unieke eienskap van die godsdiens wat beskryf word, is aanvaarbaar. Die eienskap moet egter nie deur enige ander godsdiens gedeel word nie.

(10)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150